

MEMORANDUM LV Vraestel 1 2011

Afdeling A: BEGRIPSTOETS

- 1.1 Wat beteken die skrywer as hy sê “*Ek gaan nie doekies omdraai nie.*”? (par 1).
1.1.2 *Hy gaan reguit praat.* (1)
- 1.2 Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om agter ‘n perd *schoon te maak.*
Om sy mis op te tel. (1)
- 1.3 Wat probeer die skrywer vir ons sê van die mense van Meyerton se intelligensie?
Gebruik jou eie woorde. (1)
Hulle is dom/hulle het ‘n baie lae IK/hulle IK’s is nie hoër as 40 nie (ens.)
- 1.4 Die skrywer vergelyk die perde met varke (par 2).
Gee EEN moontlike rede waarom hy dit doen. (1)
Hulle eet die hele dag soos varke/ hulle is so vuil soos varke (mis en modder ens.)
- 1.5 Wat beteken dit om iets 24/7 (par 2) te doen? (1)
Om iets die hele tyd te doen/vier-en-twintig uur elke dag van die week
- 1.6 Wat het die perde die heelyd gedoen omdat hulle soveel gevreet het? (1)
Daar het ‘n eindelose rivier mis uit hulle uitgestroom / ens.
- 1.7 Wat het altyd met die skrywer se rubberstewels gebeur? (1)
Hulle het vasgesit in die mis en modder mengsel.
- 1.8 Waar sou jy gewoonlik ‘n klimraam vind, en waarvoor sou dit gebruik word? (2)
In die tuin/in ‘n kleuter- of laerskool/in ‘n park/ kinders klim daarop as hulle speel.
- 1.9 Waarom moes die skrywer ‘sonder vars lug’ in die hitte werk? (1)
Hy moes ‘n asemhalingsapparaat dra.
- 1.10 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en haal uit die leesstuk aan om jou antwoord te bewys.
- 1.10.1 Die skrywer se gesin het perde aangehou om die plek mooi te laat lyk. (2)
Waar. “hulle het bloot rondgestaan soos groot dom tuinversierings.”
- 1.10.2 Die skrywer was ‘n sterk seuntjie (2)
Onwaar . “met maer noedelarmpies wat skaars my tandeborsel kon lig.”
- 1.11 Beskryf die fisiese simptome van die skrywer se hooi-allergie. (2)
*vel wat in rooi opgeswelde blase uitbreek
oë en keel en longe wat brand*
- 1.12 Verwys na figure 1-3 om die volgende vrae te beantwoord:
- 1.12.1 Waarom is die Meyerton-tannie so lief vir perde, volgens haar? (1)
Hulle vlieg tussen die wolke deur en reën Smarties ondertoe
- 1.12.2 Noem die vier hoofdele van ‘n perd se anatomie, volgens die skrywer. (2)
mikrobrein, mondgat, spasie en stertkant (1/2 X 4)
- 1.12.3 Kies die woord wat die perd in figuur 3 beste beskryf en skryf dit dan neer: (1)
moedswillig



[20]

2.1 Verduidelik kortliks wat die doel van hierdie grafiek is.

(2)

*Dit vergelyk die verskillende voëls wat 'n mens in hierdie speletjie kry (1)
om te illustreer watter die beste en slegste/wenslikste is (ens.). (1)*

2.2 Verduidelik volledig wat die skrywer probeer sê wanneer hy sê dat Rooi Voël so effektief is soos om 'tafeltennisballetjies teen 'n Sherman-tenk (te)gooi'.

(2)

*'n Sherman-tenk kan nie beskadig word deur tafeltennisballetjies daarteen te gooi nie. (1)
Net so oneffektief is dit om Rooi Voël te gebruik om skade aan te rig. (1)*

2.3 Blou Voël word beskryf as 'sjtoepit'. Wat is die korrekte Afrikaans van hierdie woord?

(1)

dom

2.4 Waarom is Swart Voël so 'n goeie wapen om te gebruik?

(1)

Dit blaas byna die hele vlak op.

2.5 Haal EEN woord aan om aan te dui wat Wit Voël gebruik om skade aan te rig.

(1)

bomme

2.6 Antwoord slegs 'Ja' of 'Nee' op die volgende vraag:

Laat Geel Voël jou voel dat jy net voëls gooi totdat jy die vlak geslaag het?

(1)

Nee

2.7 Watter TWEE voëls kan van vorm verander?

(1)

Rooi en Blou Voël

2.8 Wat beteken die slêng uitdrukking "Hierdie voël suig" (Groen Voël)?

(1)

Hierdie voël is niks werd nie/oneffektief (ens.)

[10]

[30]

Afdeling B: OPSOMMING

Vraag 3 Lees die volgende beskrywing van 'n tipiese Zombie-Apokalips goed deur. Som dan die VYF tipiese fases van hoe die apokalips verloop op.

1. Eers besmet 'n dom wetenskaplike 'n dier met zombi-draende kieme tydens 'n onetiese eksperiment.
2. Hy word dan gebyt terwyl hy probeer om die dier iets te probeer leer.
3. Wanneer hy nie die simptome meer kan ignoreer nie, begin hy later om die hospitaalpersoneel aan te val.
4. Die infeksie spreid vinnig tussen geliefdes.
5. Stryende oorlewendes wat in die verkeerde plekke wegkruip word daar deur die zombi's doodgemaak.

66 woorde



Afdeling C: POËSIE

Vraag 4 Sefapano JL Marais

- 4.1 Dit demonstreer hoe die mense van onder aan die voet van die berg tot die piek loop. Dit wys ook hoe hulle heen en weer (of om en om) loop in plaas van in 'n reguit lyn. (2)
- 4.2 'suurveld/stofbesaai' (2)
- 4.3 'n Priester (1)
- 4.4 Hulle gaan daar bo bid vir reën (1)
- 4.5 Die belangrikste plaasdiere in die Afrika-kultuur word eerste genoem (beeste en perde), daarna die kleinvee en pluimvee en laastens die groente. (2)
- 4.6 Letterlik: die spreker staan onder aan die berg en kyk op na die kruis wat heel bo geplant staan.
Figuurlik: die mense bid na die Here want hulle verlossing / hoop kom van Hom af. (2)
[10]

Vraag 5 Die Soetste Kind P de Vos

- 5.1 Haal TWEE versreëls aan wat bewys dat Pieter daaraan glo om gesond te eet. (1)
eet ál sy vleis, maar nóóit die vet.
Eet broccoli, ja, sonder brom
- 5.2 Watter bewys kry ons dat hy 'n skrandere leerling is? (1)
Hy kry 10 uit 10 vir elke som/ hy kry volpunte vir sy somme
- 5.3 Wat kan ons aflei van Pieter as ons lees in r9 'Sê nooit 'n enkel nare woord'? (2)
Hy praat nooit sleg van ander mense nie/skinder nie van ander nie/ bswadder nie ander nie/ vloek nie (enige twee of soortgelyke twee.)
- 5.4 Watter effek het Pieter en Breggie se kinders op hulle gehad, en waarom? (2)
Hulle het vir P en B mal gemaak omdat hulle so stout was
- 5.5 Verduidelik die verskil tussen 'tjank' en 'ween' (r22) kortliks. (2)
'Tjank' = aanhoudende gehuil totdat 'n stout kind kry wat hy/sy wil hê
'Ween' = wanneer 'n kind seergekry het of hartseer is
- 5.6 Wat beteken r25-r26 in die konteks van die gedig? (1)
'tot Pieter Hendrik van der Plas
wens al sy kinders moes verkas'
Pieter wens al sy kinders moet eerder die huis verlaat sodat hy vrede kan hê.
- 5.7 Wat, dink jy, is die boodskap van hierdie versietjie? (1)
Enige toepaslike antwoord: deug word nie altyd beloon nie/ jou kinders sal nie noodwendig soos jy wees nie/ mense volg nie altyd goeie voorbeelde nie ens
[10]

Vraag 6 Ongesiene gedig Dooie perd RK Belcher

- 6.1 Haal TWEE versreëls uit die gedig aan wat die perd se beserings beskryf. (2)
en plek-plek steek sy ribbes deur die vel
met papsels mis wat uit die pens uitstoot



- 6.2 Waaruit kan ons in strofe een aflei dat die perd besig was om hard te werk toe die bus hom getref het? (1)
Die treksweet het op sy vel drooggeword. (Moet in hulle antwoord die sweet noem)
- 6.3 Haal TWEE aparte woorde uit strofe drie aan wat sal veroorsaak dat die karkas van die perd later net 'n hoop bene sal wees. (2)
wurm, son
- 6.4 Waarom sal die spreker 'skrik' (r 13) as hy/sy die perd op 'n middag sal sien? (1)
Hy skrik vir die geraamte/bene van die perd wat daar lê (gebeendere stel die dood voor).
- 6.5 Die perd se dood en aftakeling word baie onsimpateties of onemosioneel beskryf. Stem jy saam met hierdie stelling? Noem twee bewyse uit die gedig om jou antwoord te staaf. (3)
Ja. Enige gepaste kru/ongepoetste beskrywing van die perd se beserings of sy aftakeling.
- 6.6 Watter beeldspraak kry ons in reël 14? (1)
Metafoor
- [10]

Afdeling D: KOMMUNIKATIEWE TAAL

Vraag 7 Sinstrukture

Verwys na die vorige bladsy se strokiesprent en verander telkens die sinne hieronder soos aangedui:

7.1 Die tuinier sê vir Jason: "Jy moet jou ondie uit my pronkertjies verwyder!"

Die tuinier sê vir Jason dat hy sy ondie uit sy pronkertjies moet verwyder. (2)

7.2 Die instrukteur sê vir Jason dat ponies baie lief is vir dooie muise.

Die instrukteur sê vir Jason: "Ponies is baie lief vir dooie muise." (1)

7.3 Die ponie het gif in Jason se oë gespoeg.

Gif is deur die ponie in Jason se oë gespoeg. (1)

7.4 Die ponie skud vanoggend sy maanhare uit om kwaai te lyk.

Sy maanhare word vanoggend deur die ponie uitgeskud om kwaai te lyk. (1)

7.5 Jy moet jou kettingsaag afskakel, want dit is vir die ponie vreeslik gevaarlik.

Omdat dit vir die ponie vreeslik gevaarlik is, moet jy jou kettingsaag afskakel. (1)

7.6 Jason het op die ponie se rug geklim. Hy het sy kettingsaag triomfantelik aangeskakel.

Nadat Jason op die ponie se rug geklim het, het hy sy kettingsaag triomfantelik aangeskakel. (2)

7.7 Jason voer die ponie 'n paar dooie muise om die perdjie se vertrou te wen.

Jason voer die ponie 'n paar dooie muise sodat hy die ponie se vertrou kan wen. (1)



7.8 Jason klim per ongeluk oor die perd se kop om hom te ry. Hy gaan vir die eerste keer perdry.

*Jason, wat vir die eerste keer gaan perdry, klim per ongeluk oor die perd se kop om hom te ry.
Jason, wat per ongeluk oor die perd se kop klim om hom te ry, gaan vir die eerste keer perdry.* (1)

7.9 Jason is 'n baie goeie ponie-eienaar, want hy het altyd 'n bottel 'oorlogsap' in sy rugsak.

In die toekoms sal Jason 'n baie goeie ponie-eienaar wees, want hy sal altyd 'n bottel 'oorlogsap' in sy rugsak hê. (2)

7.10 Jason ruk hom vreeslik op wanneer iemand hom sê wat om te doen.

In die verlede het Jason hom vreeslik opgeruk toe iemand hom gesê het wat om te doen. (3)

7.11 Jason het 'n sertifikaat gehad wat hom toegelaat het om 'n ponie te ry.

Op hierdie oomblik het Jason 'n sertifikaat wat hom toelaat om 'n ponie te ry. (2)

7.12 Het jy al ooit iemand met 'n brullende kettingsaag op 'n ponie sien ry?

Nee, ek het nog nooit iemand met 'n brullende kettingsaag op 'n ponie sien ry nie. (1)

7.13 Jason staar met bewondering na die reënboog wat vanuit sy ponie se agterent skyn.

Jason hou daarvan om met bewondering (te staar) na die reënboog (te staar) wat vanuit die ponie se agterent skyn (te staar). (1)

7.14 Die mense is al gewoond aan Jason se koddige gewoontes.

Die mense behoort al gewoond (te wees) aan Jason se koddige gewoontes (te wees). (1)
[20]

Vraag 8 Woordstrukture

8.1	pennetjie	8.8	jou
8.2	doodbang	8.9	wat
8.3	kloppende	8.10	gawe
8.4	as gevolg van	8.11	oor
8.5	glo	8.12	tussen
8.6	geswore	8.13	skryfgoed
8.7	langer	8.14	Wat

14 X ½ = (7)

Vraag 9 Taalkommunikasie

9.1 "Jou klein swernootjie! Waarom het jy nie jou hamster gevoer nie?" (Woedend) (1)

9.2 "Toe maar, Arnoldus, jou pappie sit vanaand in die Hemel." (Troos) (1)

9.3 "Ek wag al sewentig jaar op jou: brand, jou bliksem, brand!" (Enigiets gepas) (1)

[30]